



Onse Hemelse Vader.

Deur U Gees is ons verenig in geloof, hoop en liefde.

Al is ons geïsoleerd en eensaam gedurende hierdie tyd - behoort ons aan die wereldwye gemeenskap van u kinders.

Laat ons geloof meer word in die wete dat U naby ons is, en laat ons ervaar die eenheid tussen ons as susters en broeders regoor die wereld.

Genees die wat Siek is.

Verlig die harte van die eensames.

Gee wysheid en deursettingsvermoe aan die persone in verantwoordelike posisies.

Versterk alle mediese amptenare.

Onderskraag ons susters en broeders in die Wereldwye Ekumeniese Gemeenskap en skenk ons die insig om uitdrukking te gee aan ons verbondenheid.

Die Here sal u sien en u behoed. Die Here sal Sy aangesig oor ons laat skyn en ons genadig wees. Die Here sal Sy aangesig oor ons verhef en aan ons Sy vrede gee. Amen.

### ***Saam - 'n Gemeenskaplike gebed gaan om die wereld***

*As U wil deel neem aan die Ketting gebed, kan u dit deel op sosiale media of uit druk en dit aan u deur plaas, of aan u venster, of op u motor aanbring.*

*Ons mag oor afstand geskei wees, maar ons is geestelik verbind aan mekaar - dit wil ons prakties uitbeeld.*

*(Translation: Godfrey Cunningham)*